
Geroep en
Gestuur

**(Mark 1:17)** En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word.

**(Matt 28:19)** [19]Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

**(Matt 9:35-37)** 35 EN Jesus het by al die
stede en dorpe rondgegaan en in hulle
sinagoges geleer en die evangelie van
die koninkryk verkondig en elke siekte
en elke kwaal onder die volk
genees. 36 En toe Hy die skare sien, het
Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat
hulle moeg en uitgeput was, soos
skape wat geen herder het nie. 37 Toe sê
Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot,
maar die arbeiders min.

shofar
christian church

**(Matt 9:38)** Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur.

**(Lukas 6:12-13)** EN Hy het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid en die nag in die gebed tot God deurgebring.

**(Mark 3:13b)** en na Hom geroep die wat Hy wou hê, en hulle het na Hom gekom.

shofar
christian church

**(Mark 3:14-15)** [14]En Hy het twaalf aangestel, sodat hulle saam met Hom kon wees en Hy hulle kon uitstuur om te preek[15]en mag te hê om siektes te genees en die duiwels uit te dryf.

**(Lukas 6:13-14)** [13]En toe dit dag geword het, het Hy sy dissipels na Hom geroep en twaalf van hulle uitgekies, wat Hy apostels genoem het:[14]Simon wat Hy Petrus genoem het, en Andréas, sy broer; Jakobus en Johannes; Filippus en Bartholoméüs;

shofar christian church

**(Lukas 6:15-16)** 15 Matthéüs en
Thomas; Jakobus, die seun van Alféüs,
en Simon wat Yweraar genoem
word; 16 Judas, die seun van Jakobus,
en Judas Iskáriot, wat die verraaier
geword het. 17 EN Hy het met hulle
afgeklim en op ’n gelyk plek gaan
staan, en daar was ’n skare van sy
dissipels en ’n groot menigte van die
volk van die hele Judéa en Jerusalem
en die kusstreek van Tirus en Sidon af,

shofar
christian church

**(Lukas 6:18)** [18]wat gekom het om Hom te hoor en van hulle kwale genees te word; en die wat gekwel was deur onreine geeste, is ook genees.

**(Matt 9:35-37)** 35EN Jesus het by al die
stede en dorpe rondgegaan en in hulle
sinagoges geleer en die evangelie van
die koninkryk verkondig en elke siekte
en elke kwaal onder die volk
genees.36**En toe Hy die skare sien,
het Hy innig jammer gevoel vir hulle**,
omdat hulle moeg en uitgeput was,
soos skape wat geen herder het
nie.37Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes
is wel groot, maar die arbeiders min.

shofar
christian church

**(Matt 9:38) Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur**.

**(Lukas 6:12-13)** EN Hy het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid en die nag in die gebed tot God deurgebring.

**(Mark 3:13b)** en na Hom geroep die wat Hy wou hê, **en hulle het na Hom gekom.**

shofar christian church